COMDI

Weeklikse Verslag

10 Oktober 2024

Agenda

Die mark verhandel sterker hierdie week op die rug van die swakker rand en die droë voor seisoen toestande. In hierdie verslag vergelyk ons die grondvog situasie tans met die toestande in die onlangse verlede.

- RSA Grondvog
- Tegniese Analise
- Weeklikse Opsomming
- SAGIS Uitvoer Vordering

RSA Grondvog vergelyking

Die Vrystaat se grondvog toestande met die seisoen tans in rooi. Sien hoe die reënval in September die toestande verbeter het waar dit aanvanklik baie droog was en nou relatief gemiddeld toon.



Die grondvog toestande vir Noordwes (links) asook Mpumalanga (regs) toon ’n ander prentjie as die van die Vrystaat.
Hier kan ons sien dat dit omtrent die droogste toestande vir hierdie tyd van die jaar is teenoor die vorige 5 jaar.





RSA Grondvog

Die grondvog droog af na die eerste reënval vir die nuwe seisoen geval het.

RSA Grondvog







Bo-Grondvog

Voorspelling

Onder-grondvog

Tegniese Analise

09 OKTOBER 2024

CBOT
Dec’24 Corn

Die CBOT Dec’24 Corn kontrak verhandel effens swakker die afgelope week.

Die tegniese aanwysers het pas verkoop seine gegee.

SAFEX
Dec’24 WMAZ

Die Safex Dec’24 WMAZ kontrak verhandel sterker die laaste 3 sessies vir redes bo genoem.

Die tegniese aanwysers is tans oorgekoop.

SAFEX
Dec’24 YMAZ

Die Safex Dec’24 YMAZ kontrak het vroeer sterker verhandel teenoor die witmielies, maar gee tans van die veld gewen terug. Die tegniese reeds oorgekoop.

CBOT
Nov’24 BEAN

Die CBOT Nov’24 BEAN kontrak daal en is tand net bo die 40-dag GG lyn waar ondersteuning gevind kan word.

Die tegniese aanwysers se momentum is negatief

SAFEX
Dec'24 SOYA

Die SAFEX Dec'24 SOYA kontrak verhandel saam met die witmielies sterker vandag. Beide is bekommerd oor lae eindvoorraad en die reën wat nog weg bly. Die tegniese aanwyser se momentum is sywaarts.



DOLLAR INDEKS

Die Dollar indeks verswak die afgelope week.

Die tegniese aanwysers dui aan dat nog verswakking verwag kan word.



Rand/Dollar Wisselkoers

Die Rand/Dollar wisselkoers versterk goed op die rug van die swakker Dollar. Die Rand het wel verswak tot terug in die rooi verhandelings band. Hierdie verswakking het die tegniese aanwyser na koopseine gelei.



Weeklikse Opsomming

Die eerste reën vir die seisoen het twee weke gelede in dele geval en ons sien aan die grondvog vergelykings dat dit die toestande in die Vrystaat verbeter het tot 'n gemiddelde vlak vir die afgelope 5-jaar. Die geval is ongelukkig nie dieselfde vir Noordwes en Mpumalanga nie, waar die grondvog vergelyking vir ons wys hoe droog dit tans daar is. Dit is deel van die rede vir die sterk mark verhandeling wat ons tans beleef. Die gevoel is dat indien daar goeie reën vroeg kan kom, sal dit die vroeë aanplanting bevorder en so kan die produsent die hoër pryse vir vroeë lewerings benut. Nog 'n rede vir die sterker mark is bekommernis oor lae eindvoorraad.

SAGIS
Uitvoer Vordering

27 SEPTEMBER 2024

4IE TRADING

UITVOERE per Week

UITVOERE	GEEL MIELIES	WIT MIELIES
WEEK	13 871	23 790
TOTAAL	318 907	610 414

VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA
COMDI-AGRI
COMDI-AGRI
COMDI-AGRI
COMDI-AGRI
COMDI.CO.ZA

DANKIE

4IE TRADING

Kontak ons 082 776 1609 of by Francois.Fourie@bvg.net

Geskryf deur Francois Fourie van 4IE Trading

in samewerking met COMDI Agricultural Markets (Pty) Ltd

COMDI.CO.ZA